Geen woorden 1727

Van der Walt

Nuusbrief

Van der Walt Familiebond

Jaargang 18, nr 1, 2002

Posbus 40,
Potchefstroom, 2520
Tel/Faks: (018) 294-5047
E-pos: johan@fsktdjvdw.pukrct.puk.ac.za

Nuusbrief van die Van der Walt Familiebond

INHOUD

A. Redaksioneel
1. Foto van bestuur
2. Tempus Fugit
3. Vd Walts in diaspora
4. Ledewerwing
5. Lidmaatskap 2002
B. Bydraes van ons lede
1. Geele Andries
2. Vd Walts in die Kaapkolonie en Griekwaland-Wes
3. Erkenning vir oorvangs van skrywe
4. Die Kaap is Hollands
5. Prot met 'n donkie-tornooi

Redaksioneel

Ons het dit goedgedink om 'n foto van die bestuur te plaas ter kennisname van al ons lede.

Voor : Engela (gebore Buys) vd Walt, Maartin vd Walt, Sanet vd Merwe
Agter : Krause vd Walt, Bennie vd Walt, Ockie vd Walt Inlas: Johan vd Walt

TEMPUS FUGIT

Só sê die Latynse uitdrukking: "Die tyd vlieg verby." Dit voel soos gister toe ons op Potchefstroom die 250-jarige aankoms van ons stamvader Geele Andriesz (in 1727) aan die Kaap herdenk het. Vyf en twintig jaar het verbygevlieg !

Vanjaar is dit al 275 jaar gelede dat dié historiese gebeurtenis plaasgevind het. Wie van ons lesers sal eendag die 300-jarige herdenking meemaak ?

Is daar nie êrens 'n groepie Van der Walts wat die inisiatief wil neem om iets in verband met die 275-jarige herdenking te reël nie ? Waar moontlik sal die Bestuur help. Laat gerus van jou weet.

Bennie van der Walt
Voorsitter

Van der Walts in diaspora

Hoewel na ons beste wete, die van "Van der Walt" in Suid-Afrika ontstaan het ten spyte van ons stamvader se Friese afkoms, is daar soos ons verneem 'n hele paar van ons stamgenote tans in die buiteland woonagtig – hetsy tydelik of permanent. Ons het met baie min van hulle kontak. Indien van ons stamgenote wat hierdie nuusbrief ontvang, kinders of ander familielede in die buiteland het, stuur tog vir hulle afskrifte van hierdie nuusbrief met die versoek om vir ons een en ander te vertel van hul wel en weë in die verte.

Ledegeld en -werwing

LEDEWERWING

Ons het dringend jou hulp nodig !

As gevolg van dood en ander redes raak ons ledetal elke jaar verder uitgedun. Op sy onlangse vergadering het die Bestuur tot die besef gekom dat, as daar nie daadwerklik iets gedoen word om nuwe lede by te kry nie, die Bond binne 'n paar jaar gaan doodloop. Van ons kant gaan ons ons bes doen om die situasie te verbeter.

Aangesien dit ú Bond is en die Familiebond nie uit die Bestuur alleen bestaan nie, word 'n vriendelike beroep op ELKE lid gedoen: Stuur asseblief die name en adresse van Van der Walt familie en vriende in u omgewing en elders in die land aan die volgende adres:

Mnr Krause van der Walt
Posbus 40
Potchefstroom
2520

Hy sal aan hulle dan 'n kopie van die laaste nuusbrief pos en uitnooi om as lid aan te sluit. Ons maak daarop staat dat ons van ELKE huidige lid ten minste EEN adres sal ontvang!

Byvoorbaat baie dankie.

Bennie van der Walt
Voorsitter

LEDEGELDE VIR 2002

Ons penningmeester, Krause van der Walt, berig soos volg :

Ons ledegeld beloop net R20 per jaar. In die afgelope twee jaar het baie min van die lede bygedra tot die koste van die bond. U hulp word vriendelik gevra – dit is immers die lede se nuusbrief.

Die ledegeld kan direk inbetaal word by:

Nedbank
Rekeningnommer 2713 360358.

Aan dié wat gereeld bydra, baie dankie.

Bydrae van ons lesers

Geele Andries 1727 tot 1734

Met vorige navorsing is weinig inligting oor Gaele Andriesz in die argiewe gevind en hier volg so 'n ietsie meer oor hom.

Ek het uit 'n skrywe gedateer 22 Maart 2002 van 'n ene Koos van der Walt van die Paarl, 'n baie interessante fotostaat gekry wat Gaele se verblyf van 1729 tot 1734 as matroos en kwartiermeester by die buitepos Vishoek, suid van Kalkbaai en aan die westekant van Valsbaai, beskryf.

Die inligting het hy opgespoor in verhandelings vir die grade M.A. en D.Phil. in 1982 en 1987 van Dr. Dan Sleigh: "Die buiteposte: VOC-buiteposte onder Kaapse bestuur 1652 tot 1795." Die werk in 750 bladsye is in 1993 gepubliseer.

Hier volg nou 'n kort oorsig oor die geskiedenis van Gaele aan die Kaap vanaf 1727:

- *1727*

Hy het in dieselfde jaar as goewerneur Pieter Gijsbert Noodt in die Kaap aangekom en dit is dus na 13 Februarie 1727, want dit is die

datum wat PG Noodt voet aan wal gesit het. Sy naam verskyn in die monsterrol van 1727 as matroos.

- *1729*

Verskyn sy naam in die monsterrol as matroos Geele Andriesz in die pos van "Poshouer" by die buitepos Vishoek en hy is in bevel van 4 matrose.

- *1730*

Gee die monsterrol hom aan as kwartiermeester Geele Andriesz in die "poshouer" pos, by die buitepos Vishoek en in bevel van 3 matrose.

- *1731 tot 1734*

In die monsterrolle van 1731 tot 1734 word hy steeds as Kwartiermeester genoem in die pos van "poshouer" by Vishoek met 4 matrose onder sy bevel.

Dus kan ons aanvaar dat Gaele sedert sy aankoms as matroos by die buitepos Vishoek in diens gestaan het van die VOC en waarskynlik onder 'n ene Kwartiermeester Coenraad Brand gewerk het. Vanaf 1734 tot en met sy huwelik op 16 November 1742 (8 jaar) weet ons nog steeds min. My gevolgtrekking is dat hy tydens sy huwelik steeds kwartiermeester was en dat hy met sy huwelik eers uit die VOC se diens tree. Dit is ook moontlik dat hy steeds 'n buitepos beklee het vir die VOC na sy huwelik en eers later "Vryburgerskap" verkry het. Hierdie stellings van my kan beter verstaan word as ons let op Dr. Dan Sleigh se verhandelings, waar hy 'n beskrywing gee van die take by die buitepos Vishoek. Ek haal hom aan:

"Die Politieke Raad het op 6 Oktober 1716 besluit om nie weer die kontrak aan burgers te verleen nie, maar om met sy eie bote vir die slawe se vis te sorg."

Twee groepe vissers in diens van die VOC het begin ; die eerste groep van sewe mans in 1717 tot 1721 en die tweede groep van vier vissers by die buitepos Vishoek. Hierdie pos het sy bestaan gehad vanaf 1717 tot 1791.

Die pos is deur matrose beman. Die poshouer was gewoonlik 'n kwartiermeester, sodat sy rang hom skipper van die visskuit gemaak het. Hul daaglikse taak was die vangs, insout en droog van vis, die herstel van hul visnette, die instandhouding van hul boot, die aflewering van die vis by die amptenare se huise in die Kaap wat 29 km van Vishoek af was en dan die terugbring van die proviand. Dr. Sleigh glo dat hul bestaan dié van 'n afgeleë Nederlandse vissersgemeenskap was.

Die buitepos Simons Baaij het sy ontstaan in 1743 gehad en het die gesag van die VOC verder suid uitgebrei. Die poshouer van die pos by Simonsbaai was hoër as Vishoek en het die gesag en invloed suid van Steenberghoek oorgeneem, met 'n opdrag van die goewerneur om toe te sien dat die vissers goed en ordelik werk en nie op skepe wegkruip om te dros nie. Aldus Dr. Sleigh.

Dit is hoekom ek steeds bespiegel dat Gaele Andriesz tot na sy huwelik in diens van die VOC was. Daarom was sy beroep tydens sy huwelik aangegee as kwartiermeester en sy eerste plaas, waar hy weiregte op verkry het, was eers op 15 November 1746, dis is twee dae na hul derde kind (Rensche) se doop.

Ek hoop dit prikkel dié wat belang het en daar naby die argiewe in Kaapstad woon om meer inligting te soek!

Dan wil ek ook bekend maak dat, indien die belangstelling groot genoeg is, ek 'n laserskyf (CD) met die "Genealogie van die Familie Van der Walt" gaan uitgee. Belangstellendes kan vir my skryf by:

Posbus 860
Groblersdal
0470

Familiegroete
Christie van die Walt

Van der Walts in die Kalahari en Griekwaland-Wes

Ons is in besit van iets baie kosbaars wat deur wyle dr. P.W. Vorster (waaroor ons die een en ander in die vorige nuusbrief gemeld het) aan ons en ook ander gereformeerde families van Postmasburg, nagelaat is. Dit is naamlik 'n baie goed gedokumenteerde geslag-register van lidmate van die Gereformeerde Kerk van Postmasburg

vanaf 1883 tot 1899. In hierdie dokument kom die geslagregisters van vier Van der Walt-gesinne voor wat almal nasate is van die jongste seun van ons stamvader, naamlik Nicolaas (gebore 1756-12-26). Sy datum van oorlye en sy plek van begrafnis is onbekend aan my. Twee van sy kleinseuns naamlik Nicolaas, gebore 1859 en oorlede 1924 (b8 c5 d2 e2 f3) en sy broer Johannes Lodewyk (b8 c5 d2 e2 f5) is onderskeidelik op 1891-5-8 en op 1890-3-8 met attestasie van die Gereformeerde Kerk Steynsburg in die Gereformeerde Kerk Postmasburg opgeneem. Bogenoemde Nicolaas is my oupagrootjie van vaderskant en hy het hom op die plaas, Damplaas, gevestig. Die woonplek van sy broer Johannes Lodewyk was Moordenaarskloof.

Die ander drie Van der Walts was : Nicolaas (b8 c2 d5 e4 f5) gebore 1855-1-3, oorlede 1937-7-28, woonplaas Achenbachsput; en Gert Hendrik Jacobus (b8 c2 d7 e4) wat met atttestasie van die Gereformeerde Kerk Bethulie na Postmasburg op 1892/8/26 gekom het. Hy was ook my oupagrootjie (van my pa Nicolaas se moederskant). My ouma, Anna Catharina van der Walt, was die enigste kind uit sy tweede huwelik met die weduwee Sophia Caterina Kruger, gebore Venter. Hy het hom gevestig op die plaas Paardekloof. Dan was daar Barend Johannes van der Walt gebore 1837-8-9 (oorlede ?). Sy stamregisterkode is b8 c2 d6 e4 en hy het hom op die plaas Matsap gevestig.

Die eerste geslag kinders wat uit hierdie vier pioniers van die Noord-Weste gebore was, tel 28 waarvan 17 dogters was. Weens gebrek aan ruimte kan ons nie almal se name en stamregisterkodes aandui nie, die nageslagte van hierdie vier wat dié brief lees, kan gerus van hulle laat hoor in terme van interessante lewens-ondervindings, ens.

Terwyl ek nou aan die woord is, kan ek die een en ander vertel van my oupa, Johannes Christiaan (Jan) van der Walt (b8 c5 d2 e2 f3 g1) en my twee oupagrootjies, Nicolaas van my pa se vaderskant en Gert Hendrik Jacobus van my pa se moederskant. Oupa Gert het blykbaar in 1892 daar aangeland vanaf Noupoort/Bethulie omgewing met 'n redelik sterk bees- en skaapskudde. Hy was toe 46 jaar oud en ongeveer drie jaar later is hulle getref deur die Runderpes. Binne 'n jaar is sy kuddes uitgeroei tot op 'n vlak van 14 beeste en ± 250 skape. Die volgende ding wat hulle getref het, was die Anglo Boereoorlog en, hoewel hulle Britse onderdane was en hy nie op kommando was nie, is hy gearresteer op aanklag van spioenasie en op Griekwastad in die tronk gestop waar hy, ek weet nie hoe lank, aangehou is tot die oorlog verby was nie. Toe is die tronkdeure oopgemaak en hy is losgelaat. Hy moes self sien hoe hy tuiskom. Dit het hy gedoen deur die afstand van ± 75 km na Postmasburg te voet af te lê. Hy moes dus op 'n ouderdom van ongeveer 56 weer van onder begin. Ek verstaan dat sy plaas Paardekloof ook gekonfiskeer was vanweë sy politieke rekord.

My oupa, Johannes Christiaan (Jan) (b8 c5 d2 e2 f4 g1) en sy pa, Oupa Nicolaas (Damplaas) het die wapen opgeneem en was te velde onder die bevel van Kmdt Viljee, een van Genl De

la Rey se kommandante. Van sy oorlogservaringe het hy aan my vertel, miskien is dit stof in 'n volgende nuusbrief. Na die oorlog was hulle opgesluit en saam met ander Noordkaapse rebelle in die tronk (ek dink op Kimberley) aangehou terwyl daar oor hul lot besluit is. Drie opsies is oorweeg naamlik fusillering, verbanning - St Helena of Ceylon - en laastens (die weg wat finaal gevolg is), amnestie, maar met die konfiskering van alles wat hulle besit het - grond, vee, die lot, om te betaal vir 'n boete omdat hulle rebelle was.

My oupa (Jan) wat ek geleer ken het toe ek my verstand gekry het (ongeveer 1939-1940) het 'n nuwe begin gemaak deur transport per donkiewa te ry met hout vanaf Kathu na Kimberley en negosieware op die terugtog (voorrade vir die plaaswinkels in die omgewing). Die transportryer-subkultuur is baie goed toegelig deur H.S. van Blerk in sy boek *Los Donkies*. Een ding wat ek goed onthou is dat my oupa vir my vertel het "daar is so 'n ding as 'n spook, maar jy kan hom alleen tussen 'n donkie se ore deur sien." Teen 1941-1942 toe ek vir 'n ruk by hulle gebly het, het hy en my pa reeds weer twee lappies grond (die plase Geluk en Jabroer) ongeveer 1 000 morge gesamentlik besit wat sowat halfpad tussen Olifantshoek en Lohathla geleë is. My ervarings en die lewensomstandighede op die plaas word so effens weerspieël in die skets "Pret met 'n donkie scrambler" wat ek met goedkeuring van die bestuur in hierdie nuusbrief plaas.

Erkenning vir ontvangs van skrywe

J.H. Viljoen
Nebohof 407
Troyestraat
Sunnyside 0002

Baie dankie vir die geldelike bydrae asook interessante brief. Die geslagregister van Dr P.W. Vorster wat in ons besit is, verduidelik die familiebande van die Van der Walts en die Viljoens van Postmasburg goed. Ek stuur vir jou 'n fotokopie van die geslagsregister van Albertus Johannes Viljoen (1843-1926) asook Petrus Albertus Viljoen, gebore 1862-10-31.

DIE KAAP IS HOLLANDS

Die taal waarmee die kinders van (Mi)geele Andries(z) van der Walt en sy eggenote Johanna Weyers op Uitkyk in die Roggeveld grootgeword en wat hulle, soos die ander mense in hulle omgewing en elders, in hulle alledaagse omgang gebesig het, was Kaaps-Hollands. Dit ten spyte van die feit dat hul vader 'n Fries was en hul moeder se vader uit die tussengebied op die grens tussen Nederland en Duitsland afkomstig was – albei stamouers was sekerlik (n vorm van) Nederlands magtig maar het die landstaal Kaaps-Hollands geken (die moeder) of aangeleer (die vader) en dit gebruik. Dat dié ouerpaar gesteld was op die opvoeding en geleerdheid van hul kinders, spreek uit die feit dat hulle Christiaan Gottlieb Lessing wat van Duitse herkoms was maar teen dié tyd seker ook Nederlands goed geken het, in diens geneem het om hulle kinders te onderrig – waarskynlik in die basiese onderwysbehoeftes soos die "Gereformeerde religie", rekene, en dan die Nederlandse taal, wat meteens die medium van kerk en regering was – die taal van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (V.O.C) wat die Kaap onder oktrooi van die State-Generaal van Nederland besit en bestuur het. Die amptelike taal in "patria" en die kolonies was dus "Hooghollands", en aan die "Cabo" was die spreektaal, die gewone omgangstaal, "Kaaps" of "Kaaps-Hollands."

Dit sou nog lank duur voordat daardie volkstaal Afrikaans genoem word. Daarvoor was die Genootskap van Regte Afrikaners nodig (14 Augustus 1875), "Di Patriot" en "Ons Klyntji" – en taalbewuste leiers soos S.J. du Toit, sowel as 'n Afrikaanse nasionale bewussyn.

Maar toe die Van der Walt-kinders in die tweede helfte van die agtiende eeu volwassenheid bereik het, was Lessing reeds hul stiefvader en die ooswaartse trek aan die gang, Kaaps-Hollands die omgangstaal van die landelike bevolking, met Hooghollands die skryftaal (én ook spreektaal van Hollandse amptenare). Sonder 'n deeglike kennis van die amptelike skryftaal sou Tjaart (Swellendam) en Johannes Petrus (Graaff-Reinet) nie veldkommandante van hulle onderskeie distrikte kon wees nie, want daarin was korrespondensie met die staat nodig. Meneer Lessing se onderrig het hulle gekwalifiseer vir 'n amp wat kennis van die regeringstaal vereis het – 'n voorreg waarin min gedeel het, so 'n private onderwyser op die ylbewoonde Afrikaanse platteland.

In sommige van dié dokumente skryf mense en teken kommandant Tjaart sy naam as Tjaard en soms word die Walt ook Wald geskryf. Hierdie "hiperkorrekte" spelvorme dui nie net op Meester Lessing se onderwys nie, onderstreep nie net die tweetaligheid ten opsigte van spreektaal en skryftaal nie, maar ook die sterk eg-Hollandse invloed op sowel die spreektaal as die amptelike taal aan die Kaap. Die Nederlandse taalgeleerde, G.G. Kloeke ("Herkomst en groei van het Afrikaans") toon op oortuigende wyse aan dat Kaaps-Hollands (Afrikaans) sy beslag gekry het gedurende die eerste sewentig jaar van die volksplanting en dat Jan van Riebeeck die voorbeeld gestel het, synde afkomstig van Culemborg (Kuilenburg), om die spreektaal sy kenmerkende Suid-Hollandse "draai" te gee, in teenstelling met die amptelike Hoog-hollands wat 'n sterker Noord-Hollandse inslag gehad het. In die spreektaal sê die mense bv. "perd", teenoor die Noord-Hollandse "paard" van die amptelike taal, die sg. kanselarytaal – in sommige "dialekte" ook "peerd." Dieselfde geld vir "seun" teenoor "zoon."

Tjaart se naam is dus eintlik 'n verhollandsing van die Friese vorm Tjeerd, so met die d aan die einde gespel. Dit het hy moontlik geweet en die twee weergawes (t/d) met mekaar verwar of afgewissel – onstabiel soos die "tweetalige" taaltoestand destyds aan die Kaap was. As Tjaart geweet het die Kaaps-Hollandse vorm van sy vader se naam was Michiel Andries, soos hy sy eie oudste seun gedoop het, het hy ook geweet Tjeerd en Tjaart is wisselvorme. Aan die Hollandse Kaap is die Friese Tjeerd dus Tjaart. Daarom is hy ook so gedoop.

Die oudste van die stamvader se seuns het hulle "stamnaam" Andries gekry van sy grootvader aan vaderskant; die tweede seun was Hendrik ('n verhollandsing van oupa Heinrich Weyers se Duitse naam), en na Tjaart het Johannes Petrus gekom, ook volgens gangbare Hollands gedoop. Die jongste is wel Claes (Klaas) gedoop, maar dit was nie 'n aanvaarde vorm onder blanke Hollands-sprekendes aan die Kaap nie; dus het "kultuurdruk" veroorsaak dat Claes moes plek maak vir Nicolaas soos dié broer dan ook genoem is en al die geslagte Niklase na hom.

Die oudste suster, Renske, se naam kon nog enige plek op vaderlandse bodem pas (afkorting van Lou(w)renske, 'n verkleining of vervrouliking van Lou(w)rens, oorspronklik uit die Latyn "Laurentius" / "Laurentia" – lourier(tjie) – en in die een of ander vorm in alle Europese tale verteenwoordig, manlik, vroulik, familienaam, doopnaam. Maar die ander twee dogters van die stamouers se name, Johanna Maria en Anna Catharina, het goed in die Hollandse of Kaapse patroon gepas.

Die taal, en spesifiek naamgewing, openbaar baie insiggewende fasette van die kultuur-geskiedenis van ons voorouers wat dikwels ongemerk verbygaan.

Die name van die stamvader self word gewoonlik in ou bronne aangegee as Geele Andries, maar dit moet eintlik Migeele (Michael) Andriesz wees, dus Andrieszoon. Sy Friese noemnaam was sekerlik Gaele, uitgespreek Geele, wat in Hollands die vorm

het Giel (Michiel). Aan die Kaap het Geel of Geele te veel aan 'n kleur herinner om goed in te pas, en hoewel die stamvader maar seker sy lewe lank so genoem is soos hy self gesê het sy naam is, is daar tog ook bronne wat aandui dat hy teen die einde van sy lewe meestal bekend was as Andries. Dit was immers goeie Hollands, Kaaps-Hollands, en het beter hier te lande gepas waar die enkele Friese volksplanters 'n klein minderheid was en min of geen taalinvloed uitgeoefen het nie. Van Van Riebeeck se tyd af was die Kaap Hollands en het die spreektaal sy Suid-Hollandse inslag gehad. Die naamgewing onder ons eie eerste voorsate is bewys hiervan, die doopname/ noemname eerder as die van (familienaam) wat kop en pootjies Fries ingevoer is en so gebly het: Van der Walt, dus van Veenwalden/ Veenwouden af.

In hoeverre die taaltoestand hier te lande die stamvader se eie taalgebruik beïnvloed het, en wat presies die uitwerking van die moeder in hierdie verband op die kinders was, kan 'n mens slegs raai. Die korrektiewe invloed van Meester, later vader Lessing, moes sterk gewees het; onderwys was een van die faktore, nes kerk en staat, wat 'n behoudende element was in die omvorming van Nederlands tot Afrikaans. Die Statebybel bv. het lank na die Engelse verowering en anglisering van die Kaap 'n bron van taalverryking en taalbeskaafdheid gebly, 'n onderbou vir die spreektaal, 'n norm – saam met genoemde ander faktore – om die Kaap vir sover dit die spreektaal van die ou inwoners betref, goeie Hollands te hou, dit nie te laat verwilder nie. Dié uitdrukking, "Die Kaap is Hollands", het nie verniet 'n spreekwoord geword nie; die suggestiewaarde daarvan is veel ryker as die letterlike betekenis van die woorde, geldig ook vir ons eie tyd.

P.D. van der Walt

PRET MET 'N DONKIE-SCRAMBLER

DIT IS SEKER NIE ONGEWOON VIR 'N MAN VAN MY OUDERDOM OM JOU GEDAGTES SOMS TE LAAT DWAAL NA DIE GOEIE SOWEL AS DIE SLEGTE TYE WAT TYDENS JOU LEWE GEKOM EN GEGAAN HET NIE. DIE MEES VERSKRIKLIKE TYD VIR DUISENDE, SELFS MILJOENE MENSE OP HIERDIE PLANEET GEDURENDE MY LEWE SOVER, WAS WAARSKYNLIK DIE TWEEDE WÊRELD-OORLOG. 'N TYD VAN ONUITSPREEKLIKE ELLENDE VIR SOVEEL KINDERS VAN MY OUDERDOM DESTYDS (1942) EN 'N TYD VAN LOUTER ONBESORGDE LEWENSVREUGDE VIR MY EN MY KLEIN SWART VRIENDJIE – ALBEI 5 JAAR OUD – OP 'N PLAAS AAN DIE GRENS VAN DIE KALAHARI.

MY PA, SYNDE 'N OPGELEIDE PASSER EN DRAAIER, HET DESTYDS OP DIE MANGAANMYNE NIE VER VAN DIE PLAAS AF NIE, GEWERK WAAR DIE FAMILIE DAN OOK GEBLY HET EN MY BROER EN SUSSIES SKOOLGEGAAN HET. AS ENIGSTE VOORSKOOLSE KIND WAS EK MEESTAL DODELIK VERVEELD EN GEDURIG ONDER MY MA SE VOETE. DIT WAS DUS VIR HAAR SOWEL AS VIR MY 'N GROOT UITKOMS TOE OUMA VOORSTEL DAT EK BY HULLE OP DIE PLAAS ONGEVEER 25KM DAARVANDAAN MOET KOM BLY.

MY ENIGSTE EN GROOTSTE VRIEND OP DIE PLAAS WAS 'N KLONKIE MET DIE NAAM OORLOG. OORLOG HET OOK 'N TSWANA-NAAM GEHAD – RAPELLANG – WAT GEBED BETEKEN.

EK SAL NIE VERBAAS WEES DAT SY OUERS HOM SO GENOEM HET OMDAT DIT SEKER DIE DING WAS WAT HULLE DIE MEESTE VIR HOM MOES DOEN VANWEË SY RUSTELOSE EN ONNUTSIGE GEAARDHEID NIE. SELFS DIT HET BLYKBAAR NIE VEEL GEHELP OM HOM UIT DIE MOEILIKHEID TE HOU NIE. VOLGENS OUMA WAS ONS ALBEI TWEE WARE SKUIWERGAT(T)E. DIE NAAM OORLOG WAS AAN HOM GEGEE DEUR MY OUPA. OF DIT TE DOEN GEHAD HET MET DIE HISTORIESE TYE WAARIN ONS GELEEF HET EN OF DIT EENVOUDIG 'N GOEIE BESKRYWING VAN SY GEAARDHEID WAS, SOU EK NIE KON SÊ NIE.

OUPA HET ONDER ANDERE OP DIE PLAAS TWEE FLUKSE DONKIES GENAAMD WILDEMAN EN KWAAIMAN AANGEHOU WAT HOOFSAAKLIK GEBRUIK WAS VIR LIGTE TRANSPORTWERKIES MET 'N BOKKIEKAR. EEN GEREELDE WEEKLIKSE DIENS VIR

DIE DONKIES MET DIE BOKKIEKAR, WAS OM ELKE WOENSDAG TWEE OF DRIE KANNE MET ROOM EN OOK DIE POSSAK, SOWEL AS WAT OOKAL WEGGESTUUR OF ONTVANG MOES WORD, BY DIE BUSSTOP SO ± 5 KM VAN DIE PLAASOPSTAL TE NEEM. DIE PAD VANAF DIE OPSTAL NA DIE BUSSTOP HET VERBY DIE SKAAPKRAAL ONGEVEER 400 METER VAN DIE HEK VAN DIE PLAASWERF GELOOP. MISKIEN WAS DIT OM VIR MY EN OORLOG UIT DIE KWAAD TE HOU EN TERSELFDERTYD ONS ENERGIE LANGS NUTTIGE WEË TE KANALISEER, DAT OUPA EEN MAANDAGOGGEND VIR ONS DIE OPDRAG GEGEE HET OM VIR WILDEMAN EN KWAAIMAN VOOR DIE BOKKIEKAR IN TE SPAN EN KRAALMIS AAN TE RY VANAF DIE SKAAPKRAAL NA DIE GROENTETUIN OP DIE WERF. DIT WAS NATUURLIK PRET VAN DIE EERSTE WATER. SOMMER VANAF DIE EERSTE TRIP NA DIE KRAAL HET ONS, SODRA ONS DEUR DIE WERFHEK IS, DIE DONKIES SO VINNIG AS MOONTLIK NA VOLSPOED OPGEWERK MET BEHULP VAN 'N SWEEP, LEISELS EN GESKREE. SODRA ONS REGOOR DIE SKAAPKRAAL GEKOM HET, HET ONS ALBEI VIR LEWE EN DOOD AAN DIE EEN LEISEL GEHANG, MET DIE GEVOLG DAT DIE DONKIES OP VOLSPOED 'N MIN OF MEER 90° DRAAI GEMAAK HET, EN DIE BOKKIEKAR, 'N "BROADSIDE" WAT ENIGE MODERNE VELDFIETSRYER GROEN VAN JALOESIE SOU MAAK. DIT HET DIE DONKIES NIE LANK GENEEM OM DIE BOODSKAP TE KRY NIE. SOMMER SO VAN DIE DERDE OF VIERDE TRIP, HET HULLE DADELIK, SODRA HULLE DEUR DIE WERFHEK WAS, VANSELF ORE-IN-DIE-NEK OOPGELÊ MET DIE PAD AF TOT REGOOR DIE SKAAPKRAAL. DAAR AANGEKOM HET HULLE UIT HUL EIE 'N "S" GEGOOI MET DIE BOKKIEKAR DAT DIE SAND SULKE BOË STAAN AGTER DIE WIELE, OM DAN IN 'N STOFWOLK TOT STILSTAND TE KOM VIR 'N RUS TERWYL EK EN OORLOG DIE MIS OPLAAI.

TOE KOM WOENSDAG – BUSDAG. SOOS DIE (ON)GELUK DIT WOU HÊ, BESLUIT OUPA OM SELF DIE TRIP NA DIE BUSSTOP MET DIE BOKKIEKAR EN DONKIES TE DOEN. EK EN OORLOG MOES NET DIE ROOMKANNE EN POSSAK OPLAAI DAN KON ONS GAAN SWEM.

OUPA WAS SKAARS BY DIE WERFHEK UIT TOE DIE DONKIES BEGIN OOPLÊ MET DIE PAD AF. EK EN OORLOG HET ONMIDDELLIK BESEF DAT 'N RAMP OP HANDE IS, ASOF VERSTEEN HET ONS DIE GEBEURE STAAN EN DOPHOU. OUPA, DOODTEVREDE MET DIE FLUKSHEID VAN DIE DONKIES, HET DOODLUITERS DIE LEISELS TUSSEN SY KNIEË VASGEKNYP EN MET ALBEI HANDE BEGIN OM SY PYP TE STOP. VOORDAT HY KON BEGIN PYP OPSTEEK, HET HULLE EGTER DIE AFDRAAIPUNT REGOOR DIE SKAAPKRAAL BEREIK! DIE VOLGENDE OOMBLIK HET DIE ROOMKANNE, DIE POSSAK EN OUPA MET SY PYP EN AL LUGLANGS KOERS GEHOU MIN OF MEER MET DIE PAD AF, TERWYL DIE DONKIES EN DIE BOKKIEKAR OP PAD WAS SKAAPKRAAL TOE.

EK EN OORLOG HET NET LANK GENOEG GEWAG OM TE SIEN HOEDAT OUPA STADIG WEER OPRYS UIT DIE STOF WAAR HY MET 'N DOFSWARE PLOF GELAND HET, VOORDAT ONS KOERS GEKIES HET VELD IN. ONS HET IN DIE VELD GEBLY TOTDAT DIT DIE AAND STERK SKEMER WAS, VOORDAT ONS ELKEEN WEER NA SY EIE HUIS KOERS GEKIES HET. EK HET VIR OUMA OORTUIG DAT EK NIE HONGER WAS NIE EN DAT MY KOP SEER IS EN EK SOMMER DADELIK WIL GAAN SLAAP. LATER DIE AAND, TOE OUPA INGEKOM HET, HET EK VANUIT DIE KAMER GEHOOR HOEDAT OUMA VIR OUPA BERISPE OMDAT HY DIE "ARME KINDERS SO HARD LAAT WERK IN HIERDIE BLOEDIGE SON." "TOEMAAR VROU," HET OUPA GESÊ, "DIS NIE VAN MOEGHEID DAT HULLE SO VROEG GAAN SLAAP HET NIE, DIS VAN DIE DUIWEL WAT HULLE NOG NIE UITGESWEET HET NIE."

DIE VOLGENDE OGGEND AAN ONTBYTTAFEL VRA OUMA MET 'N DUIDELIK ONDERDRUKTE LAGGIE IN HAAR STEM VIR OUPA: "OU MAN, WAT VIR 'N GEKREUN EN GESTEUN IS DIT MET JOU, VOEL JY SIEK OF IETS?" OUPA HET NIE GEANTWOORD NIE. TERWYL HY MY MET 'N KLIPOOG AANKYK, SÊ HY "VROU, JY MOET VIR DIE KINDERS PADKOS PAK, HULLE MOET DORP TOE LOOP (ONGEVEER 12KM VER) OM VIR MY 'N PYP TE GAAN KOOP BY ADASCHIWICK (DIE JODE WINKELEIENAAR), EK HET GISTER MY PYP SE STEEL AFGEBYT." EK WIL HULLE IN ELK GEVAL TEN MINSTE VIR 'N DAG LANK ONDER MY OË UIT HÊ."